

HOOFSTUK III.

AFRIKAANS EN DIE GEOGRAFIESE METODE VAN TAALONDERSOEK.

Al meer as eens is daar twyfel uitgespreek oor die belangrikheid van die geografiese metode van taalondersoek vir Afrikaans. So'n jong taal sou dan nog so weinig plaaslike verskille vertoon dat ons eintlik nie eers van dialekte kan praat nie. 'n Afrikaanse taalatlas sal dan veel kleiner van omvang wees as die van die Europese tale. Dit sal dus minder stof oplewer vir ondersoek, die beperkte aantal kaarte sal minder geleentheid bied vir vergelyking, minder gegewens verskaf om gevolgtrekkinge op te baseer. En verder was daar nog nie genoeg tyd en stabiliteit vir al die faktore wat in die lewe van die taal 'n rol speel om hulle stempel so duidelik daarop af te druk dat dit van die geografiese verspreiding van die taalverskynsels sal kan afgelees word nie.

Maar is dit nou wel juis? Weet ons genoeg van ons taal om in hierdie opsig so met gevolgtrekkinge vooruit te loop? Minstens kan ons met Prof. J. J. le Roux saamstem dat hoe die toestand nou ook al mag wees, dit nie die verpligting van ons wegneem om uit te vind hoe dit dan werklik is nie. (Praatjies bl. 51).

En dit is wat ons nou moet begin doen. Die bietjie wat daar al aan die ondersoek van die Afrikaanse dialektiese verskille gedoen is, die interessante gedagtes wat ons hier en daar oor die onderwerp uitgespreek vind, is genoeg om vir ons tot grondslag te dien vir 'n verdere, hierdie keer meer bepaald geografiese ondersoek; ons sal 'n dankbare gebruik maak van wat tot dusver gedoen is.

Met die oog op die doel van hierdie werkie — dat dit nie net vir die vakman bedoel is, wat sonder beswaar na sy literatuur verwys kan word nie— sal dit hier nog nodig wees om dikwels algemeen te wees, om hier en daar miskien op puntjies in te gaan wat reeds bespreek is.

Of ons van dialekte in Afrikaans kan praat of nie, hoef hier geen faktor van deurslaggewende belang te wees nie: hoofsaak is of ons wel plaaslike verskille aantref. En dit sal die vraelyste ons moet leer. Wys die taalkaarte wel plaaslike kenmerke aan, dan is die verskil tussen die toestand hier en in ouer lande alleen maar 'n graadverskil en sal ons met die voorbehoud ook hier selfs van dialekte kan praat.

Hoewel G. R. von Wielligh, op grond van sy jarelange ondervinding en groot belangstelling in Afrikaans, met nadruk ontken dat ons van dialekte in Afrikaans kan praat (Ons Geselstaal bls. 13), verdeel hy die Unie tog in tien spraakafdelings. Hierdie verdeling berus op sy eie waarneming, aangevul deur vraelyste en is dus, soos hyself sê, nie willekeurig nie (Ons Geselstaal 123). Miskien sou dit beter wees om te sê: nie *heeltemal* willekeurig nie, want sy gegewens is bepaald verre van voldoende om so 'n verdeling met enige noukeurigheid op te baseer. Dit merk 'n mens ook al dadelik daaraan dat die provinsies by die indeling so'n groot rol speel. Op grond van die geskiedenis sal ons nie verwag dat die provinsiale grense 'n merkbare invloed op die taal kon hê nie. Hoewel sy stof onvoldoende is en onwetenskap verwerk, is dit vir ons nie sonder waarde nie. Uit sy waarnemings blyk in ieder geval dat daar 'n groot aantal plaaslike afwykings in Afrikaans voorkom.

Dit sou ook wel onbegryplik wees as dit nie so was nie. Want ons het alle rede om plaaslike verskille in Afrikaans te verwag. Behalwe dat die taal oor 'n besonder uitgestrekte gebied gepraat word— waaroor later — berus dit nie op 'n oorspronklike eenheid nie. Die koloniste het uit verskillende dele van Europa hier aangekom, en

sels die wat uit Holland afkomstig was, het verskillende dialekte gepraat. Verskille in die taal was daar dus van die begin af. Daar het 'n groot wisselwerking en vereffening plaasgevind, waaraan Afrikaans grotendeels sy ontstaan as nuwe taal te danke sal hê.

Schuchardt wys daarop dat baie van die klankveranderinge— miskien almal—wat Engels in die Verenigde State van Noord Amerika onderskei van die algemeen-beskaafde taal in Engeland, terug te vind is in die dialekte van die stamland. So bv. *hoss* vir *horse*, *hoose* vir *house*. (Brevier, bls. 117). met presies eenderse omstandighede het ons hier te doen. Stel ons Afrikaans teenoor Nederlands, dan is daar baie Afrikaanse eienskappe in die Nederlandse dialekte terug te spoor. By die lees van haas enige Nederlandse dialekteks vind ons gedurig allerhande aanknopingspunte met Afrikaans waarna ons in die Nederlandse algemeen-beskaafde taal tevergeefs sal soek, soos die volgende:

al lank al! (Groningen).

maar een boer is *deur-een-bank* nog luier as een varken.
want zo'n jöon *kin s'ochens* in die vroegte al aardig wat doen.
As mense onder mekaar moet je wete te nemen en te geven.

(Noord-Holland).

(Uit die „Groot Ned. Boerenboek”)

Ja, ik *dink 't ok*.

Die *stik of wat* die 't *kinne* doen.

Ik *zien* deer wat — d'r staat een groote kerel bai *die* dam . . .
in de nacht hadde ze *kettings* hoore rammele.

Dankie, best, mit jullie *ok?*

Maar wat *doen* je al niet.

(Uit „West-Frieslands Oud en Nieuw, viii).

gaan maar 'es mee overend.

want ik bin *nuuwskierig*.

dat *zien* je *veul* in 't leven!

ik *zien* wel wat.

—en affekate,—hield ie vol, ware *deur-een-bank* dieve.

(Wes-Frieslands Oud en Nieuw xiv).

Hierdie voorbeelde is gekies met die oog op die algemeen-beskaafde Afrikaans om te laat sien hoe ons sommer met die eerste oogopslag kan sien watter tallose aanknopingspunte ons kan vind tussen Afrikaans en die Nederlandse dialekte. (Maar dis nie al nie: binne ons eie taal het daar ook weer 'n mate van dialektiese verbrokkeling plaasgevind. En van hierdie elemente kan ons baie in die Ndl. dialekte terugspoor. Ons merk in die aangehaalde sinnetjies ook voorbeelde op van gevalle waar ons nie te doen het met die algemeen-beskaafde Afrikaanse vorme nie: voorbeelde soos *kin*, *ok* (vir *kan*, ook) bring ons nog 'n stappie verder, dit wys ons op die waarskynlike oorsprong van hierdie Afrikaanse dialektiese vorme. Die verbrokkeling wat ons in Afrikaans aantref, sal dus gedeeltelik al bestaan het in die dae van Jan van Riebeeck. Dit kan ons vermoed op grond van baie voorbeelde van ooreenkoms wat ons nog kan aantref tussen dialektiese Afrikaans en die Nederlandse dialekte.

Hier volg 'n paar voorbeelde uit *West-Friesland's „Oud en Nieuw”* den moet je niet bang *worre* as je vannacht *mit* bed en al optild *worre*.

wel *perbeerde* ie.

hewwe we *ten menste* wat taid.

Hierdie paar voorbeelde moet op eenvoudige wyse aantoon hoe-dat ons met 'n bietjie kennis van die Nederlandse dialekte versigtiger behoort te wees met ons uitsprake as Prof. van Ginneken, wat veel

„nuwere” klankverskynsels in Afrikaans soos *stim*, *onbekind*, *kin* „uit” stem, onbekend, ken aan kafferse artikulasie-gewoontes wil toeskrywe.¹⁾ Die wisseling van die *e* en *i*, wat reeds in Middelnederlands 'n gewone verskynsel is, kom in Nederlands en die Nederlandse dialekte veel voor. Die Limburgse rinteneere (Boereboek bl. 207) kom in die opsig ooreen met die Afrikaanse *rinte* (naas *rente*. Kyk Rademeyer: *Kleurling-Afrikaans*, § 84).

Natuurlik kan ons sulke Afrikaanse kenmerke op grond van die ooreenkomste in dialektiese Nederlands nie sonder meer histories verklaar nie. Dit gee ons egter aanleiding genoeg om die saak beter na te gaan en nie so gou te praat van *nuwere* klankverskynsels in Afrikaans nie. Sommige daarvan kan dalk juis die ouere vorme wees. Die wisseling *e/i* kan bv. by die woord *met* in ons spreektaal baie opgemerk word.²⁾ Oor hierdie woord sê Dr. Heeroma dat „Noord-Holland, Zuid-Holland, Zeeland en Utrecht over 't geheel *mit* hebben bewaard. De toestand schijnt in de laatste eeuwen heel weinig veranderd te zijn. Het A. B. *met* steunt blijkbaar alleen op de schrijftaal en haar zuidelijke traditie, niet op de Hollandse dialekten.”³⁾ As dit juis is, moet *mit* in Afrikaans vroeër selfs veel meer algemeen gewees het as vandag.

Wat die ouderdom van sulke „nuwere” klankverskynsels in Afrikaans betref en op die vraag of hulle bv. wel aan inboorling-artikulasie-gewoontes toegeskrywe moet word, kan alleen die dialektstudie en wel die geografiese metode daarvan vir ons 'n bevredigende oplossing bring. Die historiese verband tussen dergelike vorme en Afrikaans kan alleen deur middel van die taalgeografie bewys word. Dit is die belang vir ons taalgeskiedenis van 'n toepassing van hierdie metode van ondersoek ook buitekant ons grense, d.w.s. in die gebiede waaruit die koloniste stam. Waar die historiese verband nie oortuigend aangetoon kan word nie, moet die geografiese onder-

¹⁾ Handboek, II, bl. 234.

²⁾ vgl. ook Rademeyer: *Kleurling-Afrikaans* § 181 en § 189.

³⁾ Heeroma: *Hollandse Dialektstudies*, bl. 108.

soek binne ons eie taalgebied die verdere oplossing bring, bv. wat betref Kafferse, Hottentotse, Maleis-Portugese invloed. Prof. J. J. le Roux het reeds hierop gedui waar hy sê: „'n Ander interessante metode van ondersoek sou wees om uit te gaan van die haarde van vreemde invloed en hulle uitstralingsgebiede” (*Praatjies* bl. 51).

Al sal die dialektgeografiese metode op ons eie bodem dan nie die resultate kan oplewer wat in ouer spraakgebiede die geval is nie, bly die metode vir ons tog nog ewe belangrik. 'n Verskynsel waaroor daar al baie geskrywe is sonder dat ons nog met sekerheid die oorsprong daarvan kan vasstel, is die gebruik van *ons* i.p.v. Nederlands *wij*. Kan ons dit op grond daarvan dat dit ook in sekere Nederlandse dialekte so voorkom, verklaar uit die Nederlandse volkstaal of het dit spontaan ontwikkel of ontstaan onder die invloed van Maleis-Portugees, soos Prof. Hesseling betoog? Om sonder die noodsaaklike gegewens daaroor te argumenteer het nie veel sin nie en is ook nie nodig nie: die taalkaarte behoort die saak te kan ophelder — as hulle maar klaar was.

So is dit in baie opsigte, dat ons vir verdere lig op die ontstaan van Afrikaans moet wag op die vordering van die taalgeografie in Nederland en in Suid-Afrika. Om mee te begin moet ons 'n Nederlandse taalatlas hê. Maar om daarop te wag totdat dit ook vir ons doel volledig genoeg is, sal ons werk baie vertraag. Die stof vir 'n Nederlandse taalatlas word immers nie ingesamel met die oog op *ons* behoeftes nie; dis maar heel toevallig dat daar 'n kaart verskyn wat ook vir ons doel van belang is, wat lig kan werp op die geskiedenis van die een of ander Afrikaanse taalvorm. Nee, ons sal self 'n handjie moet bysit. 'n Vraelys met die oog op wat ons vir die Afrikaanse taalgeskiedenis nodig het, moet noukeurig saamgestel word. Miskien sal dit dan moontlik wees om die nodige informasie te verkry deur middel van die organisasie van die *Dialectencommissie der Koninklijke Akademie van Wetenschappen* in Amsterdam. Iemand met 'n goeie kennis van Nederlandse dialekte behoort

dan die stof in kaart te kan bring: dit sal dan veel onmisbare stof kan verskaf vir 'n deeglike Afrikaanse taalgeskiedenis.

Maar voordat so'n lys met die nodige sorg en volledigheid saamgestel kan word, moet ons eers voldoende kennis hê van Afrikaans self: die land moet deeglik opgemeet word, sodat geen plaaslike, sosiale of watse skakerinkie ook al aan ons aandag ontsnap nie. En daarmee moet ons gou maak, want die skoolgeleerdheid neem vinnig toe en daarmee ook die boeketaal en letteruitspraak; met die ou geslag verdwyn daar baie eienaardigheidjies in ons taal wat vir ons nog die nodige aanknopingspunte met vroeër sou kon verskaf. Reeds te lank was die taal misken en dus nie as skryftaal gebruik nie, waardeur ons die draad vir soveel jare kwytgeraak het dat daar nou so moet geteoretiseer word oor die oorsake en die wyse van die ontstaan van Afrikaans. Van wat daar nog te red is om die saak op te helder moet ons nie nou nog iets laat verlore gaan nie.

'n Mens moet natuurlik versigtig wees om nie te veel by die Hollandse dialekte te gaan soek nie; Afrikaans het tenslotte ook sy eie ontwikkeling gehad, en menige kenmerk in Afr. sal wel nie in Holland terug te vind wees nie. Sommige kan daar reeds uitgesterf het, en ooreenkomste wat daar wel te vind is, kon daar en in Suid-Afrika onafhanklik van mekaar ontstaan het. Dialekvermenging vind ook daar plaas, en dieselfde resultate as hier is ook daar moontlik.

Afgesien van die afwykings wat daar dus van die begin af al in Afrikaans moet bestaan het, sal daar langamerhand ook ander ontstaan het. Want al was die koloniste, soos von Wielligh sê, nie van die huis-sit-soort nie en het hulle hulle bure flink besoek, het die taal in sekere opsigte ryker aan woorde geword, hoe verder die burgers verspreid die land ingetrek het. (*Ons Geselstaal* bls. 12, 13). Twintig jaar gelede skryf S. P. E. Boshoff die volgende: „Dat die spreektaal gewestelike verskille moet vertoon, is byna vanselfsprekend. Dit het op die Afrikaanse bodem alleen 'n ontwikkelingsgeskiedenis van meer as twee en 'n halwe eeu agter die rug, en die

voorgeskiedenis daarvan reik terug tot 'n verlede, waarvan ons weinig weet. Daarby is die volk, wat die taal praat, nou al vir byna 'n eeu uitgespreid oor 'n oppervlakte van byna 'n halwe miljoen vierk. Eng. myle, oor 'n landgebied dus met allerlei verskille van klimaat, bodemgesteldheid, plante- en dierewêreld en met verskillende inboorlingstamme in bepaalde streke van die land gelokaliseerd." (*Volk en Taal* bls. 86). Hy aarsel dus om van dialekte te praat, alleen omdat hy die grenslyne van die verskillende dialektiese verskynsels by gebrek aan gewens nie eers ten naastenby kan aandui nie.¹⁾

Dr. J. J. le Roux wil die grens tussen gewestelike verskynsels en dialekte enigszins skerper trek. In witmens-Afrikaans sou die verskille so uiters gering wees dat hy daarom aarsel om van dialekte te praat: „Daarby kom dat 'n dialek iets is wat 'n sekere tradisie agter hom het, wat in sekere mate gebonde is aan 'n lokaliteit . . . sterk uitgesproke taalverskille het dus nog nie tyd gehad om te ontwikkel en gevestig te raak aan 'n lokaliteit nie.”²⁾

Maar tel drie eeue in die lewe van 'n taal dan so min dat ons, ten spyte van al die faktore wat die verbrokkeling van Afrikaans moes bevorder, nou nog ons woorde so moet weeg wanneer dit oor die onderwerp dialektstudie gaan? As ons daaraan dink dat die hele geskiedenis van die ontstaan van Afrikaans plaasgevind het in miskien minder as die eerste helfte van hierdie tydperk, dan lyk dit tog baie eienaardig dat die ontwikkeling dan toe skielik so in tempo sou afgeneem het dat die verskillende dele van die uitgestrekte gebied, veral gedurende die laaste eeu, nog tot geen aparte dialekte of „sterk uitgesproke taalverskille” kon ontwikkel nie.

Selvs 'n tydperk van honderd jaar is lank genoeg om mee rekening te hou in die lewe van 'n taal. Maar vir die ontwikkeling van gevestigde plaaslike verskille is die tyd nie die enigste faktor van belang nie: daar is verskillende faktore aan te voer wat daartoe mee-

¹⁾ S. P. E. Boshoff: *Volk en Taal van Suid-Afrika*, bl. 83.

²⁾ J. J. le Roux: *Praatjies oor ons Taal*, bl. 48.

gehelp het om die toestand, minstens in die noordelike provinsies, nog so vlottend te hou soos o.a. die *appelliepie*-kaart 'n mens laat vermoed.¹⁾

'n Gebrek aan vastheid hoef die taalgeografiese ondersoek egter nog gladnie onvrugbaar te maak nie; veral met die oog op die toekoms bly dit van belang. Soos ons taalkaarte duidelik aantoon, moet daar omtrent orals in ons taalgebied 'n lewendige proses van taalvermenging aan die gang wees. Laat ons daar dan nou 'n moment-opname van maak om later te kan vergelyk met die kaarte uit 'n tyd wanneer die taalverskille meer gevestig geraak het aan 'n bepaalde lokaliteit. Dit sal buitengewoon vrugbare stof oplewer omdat ons so voor ons oë kan sien hoe die proses van vermenging en uitskakeling plaasvind. Uit die resultate sal duidelik moet blyk watter faktore in die ontwikkeling van die taal wat daar met die vermenging en uitskakeling plaasvind, van deurslaggewende belang is. Waar daar oor 'n groot deel van die land verskillende vorme naasmekaar voorkom, sal die keuse ten gunste van die een of ander moet uitval. En orals sal die resultaat wel nie dieselfde wees nie; daardeur sal die faktore wat 'n rol speel duidelik aan die lig gestel kan word.

Met die oog hierop is dit vir ons baie interessant om te sien wat daar op die gebied gedoen word in ander lande, veral in verband met die taal van die Duitse nedersettings in Oos-Europa. Hierdie werk word deur wetenskaplikes van verskillende nasionaliteite onderneem, tot groot voordeel van die Duitse taalgeskiedenis en van die taalwetenskap in die algemeen. Selfs op die *geskiedenis* van die Duitse nedersetters in Rusland, Hongarye, Rumenië en Joego-Slawië bv., het die dialektstudie dikwels lig gewerp. Waar die herkoms van die oorspronklike nedersetters onbekend was, het die dialekteoloë aan die Duitse Taalatlas in Marburg kom lig soek en dit

¹⁾ Die faktore word aangehaal by die bespreking van die *appelliepie*-kaart, bl. 49 volg.

dikwels ook gevind. Dit wil nie sê dat eenvoudig „'n blik op die taalAtlas” die herkomsvraagstuk kan oplos nie: juis die feit dat die saak veel ingewikkelder is en sommige ondersoekers deur die taal-kaarte op 'n dwaalspoor gelei is, het aanleiding gegee tot 'n grondige bestudering van die proses van dialekvermenging en vereffening in 'n nedersettingsgebied. Met inagneming van die neiginge wat in hierdie proses 'n rol speel, kan die ondersoek tot belangrike resultate lei sodat Joh. Weidlein kan verklaar dat die dialekondersoek in Hongarye hom nooit tot verkeerde gevolgtrekkinge gelei het nie: die uitkomstes kom presies ooreen met die geskiedkundige feite.¹⁾ Sonder die TaalAtlas sou dit, soos Schmidt sê, totaal onmoontlik wees om die herkoms, ontstaan en ontwikkeling van die nedersettingsdialekte na te gaan.²⁾

Schuchardt het reeds besondere nadruk gelê op die betekenis van taalvermenging — waarmee hy veral dialekvermenging bedoel—as faktor in die taalontwikkeling. Met die beoefening van die dialekgeografie kon aan die hand van tallose voorbeelde die werking van hierdie faktor op aanskouelike wyse aan die lig gebring word. Veral persone wat hulle op die studie van dialekte in nedersettingsgebiede toelê, hou hulle hiermee besig. Victor Schirmunski wys daarop dat die bestudering van hierdie taaleilande een van die belangrikste take is van die moderne Germanistiek, nie net omdat dit nog 'n nuwe, onontgonne gebied is nie; dit is ook tegelyk 'n gebied waarop sekere prinsipiële en metodiese vraagstukke in die taalgeskiedenis die maklikste opgestel en beantwoord kan word. „Durch ihre sprachliche Isolierung und deutliche Abgrenzung gegeneinander bilden die Sprachinseln ein sprachwissenschaftliches Laboratorium von hervorragender Bedeutung, in dem wir an der Hand geschichtlicher Zeugnisse in einer kurzen Zeitspanne von 100—150 Jahren Entwick-

¹⁾ vgl. Heinrich Schmidt (Szegecl): *Herkunft und Mundart (Ungarische Jahrbücher*, Band XIV, Mei 1934, bl. 63.

²⁾ H. Teuchert: *Grundsätzliches über die Untersuchung von Siedlungsmdaa*. Zeitschr. f. deutsche Mdaa. 1915. bls. 409.

lungen verfolgen können, die sich im Mutterlande in mehreren Jahrhunderten abgespielt haben müssen."¹⁾

Hierdie opmerking laat 'n mens dink aan die buitengewoon snelle ontwikkeling wat Afrikaans deurgemaak het gedurende die tydperk van sy ontstaan. Daarmee vestig dit ons aandag op die voordeel waarmee ons, met die oog op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans, kan kennis maak met die werk van hierdie mense. Afrikaans het immers ook onder dergelike omstandighede ontstaan as 'n „Siedlungsmundart.”

Verder sê Schirmunski in verband met taalvermenging die volgende: „Mischung und Ausgleich sind denn auch nach F. Wrede, die wichtigsten Principien der sprachentwicklung, auch für die ältere Geschichte der Sprache.” Vir die ouer periodes uit die taalgeskiedenis het 'n mens hiervoor maar weinig gegewens. „Dagegen geben die modernen Kolonialmundarten eine möglichkeit die Erscheinungen von Sprachmischung und Ausgleich in ihrem werden zu beobachten, man könnte wohl sagen — in den ungemein günstiger Verhältnissen eines grossangelegten sprachgeschichtlichen Experiments.” (t.a.p.).

'n Studie van die taalontwikkeling in sulke jong taalgemeenskappe bied so die vooruitsig om die reëls te ontdek waarvolgens elke lewende taal gevorm word.

Ook in die Verenigde State van Amerika wat, net soos Suid-Afrika, 'n jong taalgemeenskap vorm, word dit ingesien dat die voorhande synde dialekvorme nie volledig begrypplik is sonder om hulle verhouding tot die Engelse moederland daarby te betrek nie²⁾ Vir Afrikaans het ons as uitgangspunt die Nederlandse en Noord-Duitse dialekte uit die 17e eeu, wat ons uit die moderne dialek-

¹⁾ Vic Schirmunski: *Sprachgesch. und Siedlungsmdaa.* Germ. Rom. Monatschrift, XVIII, 1930 bl. 113.

²⁾ Kyk by Walther Fischer: *Die Erforschung des Amerikanischen English in Germanen und Indogermanen.* (Festschrift für Herman Hirt), bl. 410; en Hans Kurath: *Handbook of the Ling. Geography of New England*, bl. 6.

studie taamlik goed kan leer ken. Verder weet ons taamlik goed waar die koloniste vandaan gekom het: daaruit leer ons dan verder die bepaalde verhoudinge ken waarin die elemente in die verskillende dialekte tot mekaar staan.

Tenslotte kan 'n noukeurige taal-geografiese opname van ons spraakgebied dan die resultate aantoon van die ontwikkelingsproses na 'n paar eeue. Eerstens sal hieronder dan die tydperk val van die ontstaan van Afrikaans, en ten tweede het ons die vlottende toestand in die noordelike provinsies waar die proses nog aan die gang is. In verband met hierdie laaste geval sal daar eindag wel 'n stabielere toestand intree waar daar 'n duideliker band is tussen taal en lokaliteit. En dan sal dit juis sy besondere nut hê om dié toestand te kan vergelyk met 'n taalkaart van vandag.

Maar ook vir die teenswoordige het die stof sy waarde: as die verskille maar net bestaan, is dit die taak van die taalgeografie om hom besig te hou met die tyd-ruimtelike samehang van die taallewe: Die taalkaarte moet op oorsigtelike wyse laat sien hoe die toestand in werklikheid is, en met behulp van die geskiedenis moet dit dan verklaar word. Moontlike toevallighede en foute in die gegewens kan in 'n groot mate uitgeskakel word deur die veelheid van materiaal. Daarom moet daar vir elke kaart soveel gegewens as moontlik beskikbaar wees en moet elke gevolgtrekking op sy beurt soveel verskillende kaarte as moontlik tot grondslag hê. Die indruk wat 'n mens tot dusver uit al die kaarte kry, is dat jy uit die toestand in die noordelike provinsies nie veel wys kan word nie. In die „ou Kolonie” kan 'n mens twee taalgebiede taamlik duidelik teen mekaar sien afgrens; dit lyk of daar tussen taal en lokaliteit al 'n mate van onderlinge verband bestaan: 'n aanduiding dat dit 'n vrugbare gebied gaan wees vir taalgeografiese ondersoek. (vgl. bv. die *meul*-kaart).

Maar in die noorde sien dit daar heelwat minder gunstig uit in hierdie sin: tot dusver lyk dit of daar geen grenslyne en geen homo-

gene taalgebiede aan te toon is nie. Die vorme uit albei gebiede van die suide kom in die noorde dikwels tegelyk voor. Die taalkaarte toon duidelik aan dat die taal van die noorde in hoofsaak gebaseer moet wees op dié van die oostelike deel van die Kaap-Provinsie. Maar, hoewel minder algemeen, ontbreek dit in die taal van die noorde ook nie aan vorme wat anders van die westelike Kaap-Provinsie kenmerkend is nie. Bowendien lê hierdie twee vorme — die van die westelike en van die oostelike deel van die Kaap-Provinsie—in die noorde dan nog oor haas die hele land tegelyk verspreid.

Hiervan is die *Appelliepie-kaart* 'n goeie voorbeeld. Dit is dadelik opvallend dat die legende by die kaart van hierdie woord daar byna uitsien soos op die taalkaarte van ou spraakgebiede. Dit is seker 'n seldsame geval dat daar vir 'n voorwerp in Afrikaans soveel verskillende benaminge bestaan. Op die vraelyste het die medewerkers dertien wisselvorme aangegee vir die woord *appel-der-liefde*, behalwe nog die twee benaminge *pompelmoes* en *pampelmoesie*. Daarbenewens is die Engelse woord *gooseberry* ook nog baie algemeen in gebruik en gee Boshoff ook *pompemoer* en *Mansveld appeltjies-der-liefde*,¹⁾ wat in die vraelyste ongelukkig nêrens aangegee is nie.

Waarom sou hierdie seldsame verskeidenheid nou toegeskrywe kan word? Eenvormigheid hang in sekere mate af van die frekwensie. Die appelliepie kom orals in die land voor en moet dus 'n naam hê. Maar so onbelangrik is die vrug dat sy naam omtrent net genoem word deur die werkers op die land. In 'n gesprek met vreemdelinge of selfs met bure sal die naam maar seer selde gehoor word. Daarom dat 'n mens by ondervraging van proefpersone soms verbaas staan voor die verskynsel dat 'n persoon net die vorm *appelliepie* ken, terwyl sy buurman *appelliefie* sê en die ander vorm glad nie ken nie. As vrug is dit nie so belangrik soos 'n perske bv., wat

¹⁾ S. P. E. Boshoff: *Etimologiese Woordeboek van Afr. en Volk en Taal van Suid-Afrika*, bl. 150.

heeldag in gesprekke voorkom nie, en ook as onkruid is dit veel onbelangriker as die orals bekende kakiebos. So kom dit dan dat ds. S. J. du Toit kon beweer dat alleen die vorm *appelliefie* in Afrikaans bekend is.¹⁾ Na die *appelliepie*-kaart geoordeel, sou mens eerder verwag het dat hy die vorm *appelliepie* moes ken aangesien dit in die buurt van die Paarl blykbaar die bekendste vorm is. Volgens Prof. Boshoff is „die gewone benaming vir die vrug . . . *appelliefie*, *appeldeliefde*.” (Volk en Taal bls. 150). Hy ken dus blykbaar nie die vorm *appelliepie* nie wat, na *appelliefie*, ook in die Transvaal en Vrystaat verreweg die meeste voorkom. In die *woordelys* van die Akademie staan ook net *appelliefie* en *appelde(r)liefde*. Terloops wys dit ons ook nog hoeveel die vraaglyste tot ons kennis van Afrikaans kan bydra. Die hele ontwikkelingsgang van die woord vanaf sy oorspronklike vorm *appel-der-liefde* tot die verskillende eindresultate met haas alle tussenstadiums lê duidelik voor ons op die kaart. In die spreektaal het die woord 'n hele ontwikkelingsgeskiedenis deurgemaak. Maar die interessantste is dat hy by sommige sprekers geen ontwikkeling deurgemaak het nie, in die taal van ander weer wel ontwikkel het maar tog nog in 'n ouer stadium gebly het as weer by andere. So kom dit dan dat ons vandag nog die verskillende vorme naasmekaar het :

1. *appel-der-liefde*, *appeldeliefde*, *appeldeliefie*, *appelliefie*.
2. *appel-der-liefde*, *appeldeliefde*, *appelliefde*, *appelliefte*, *appel-liepte*, *appelliepie*.
3. *appel-der-liefde*, *appeldeliefde*, *apdeliefde*, *apteliefde*, *apte-lieft*.

Uit *apteliefde* kon ook ontwikkel het *apteliepte* aan die een kan en *afdeliefde* aan die ander kant. Dit beklemtoon die groot rol wat assimilasie-op-afstand speel in die ontwikkeling van hierdie woord: die *p* en die *f* het mekaar keer op keer beïnvloed sodat in *afdeliefde* die woord *appel* onherkenbaar geword het onder invloed

¹⁾ *Ons Taal* II, 1908. Uit S. P. E. Boshoff: *Volk en Taal* 150.

van die *f* van *liefde*; maar dit kon blykbaar eers geskied nadat *appel* tot *ap* verkort is en sy selfstandigheid in 'n mate reeds ingeboet het: in *apdeliefde* erken 'n mens die woord *appel* nie meer so duidelik nie, daarom kon dit maklik oorgaan tot *afdeliefde*. Sonder dat ons hierdie tussenstadiums ken, sou die oorgang van *appel-der-liefde* tot *afdeliefde* nie so maklik verklaarbaar gewees het nie.

Natuurlik is dit gladnie veilig om te wil betoog dat die ontwikkeling nou juis so gebeur het soos die volgorde hierbo opgestel is nie; *appelliepie* kan wel uit *appelliepte* ontstaan het, maar dis ook gladnie onmoontlik dat dit deur assimilasie tot stand gekom het uit *appelliefie* nie. Hoe dit presies plaasgevind het, sal ons moeilik kan uitmaak. Dit is die geografiese verbreiding van die verskynsels oor die taalgebied wat op sulke kwessies die lig moet werp. Waar tref ons *appelliepie* aan: in 'n gebied waar *appelliefie* daarvoor plek gemaak het, of *appelliepte*? En dis juis so moeilik om dit uit die kaart wys te word: die vorme kom aldrie oor die hele gebied so verspreid voor dat mens daarop geen argument sal kan baseer nie. Dit blyk duidelik dat die ontwikkeling van die woord tot die verskillende vorme reeds plaasgevind het voordat Afrikaans oor die groot oppervlakte van vandag verspreid was. Miskien het daar selfs meer as een vorm van die woord uit Europa saamgekom: dit sal die Nederlandse dialektstudie ons moet leer. (Vgl. bls. 42).

Hierdie feit maak die kaart vir ons in 'n ander sin weer belangrik: dit gee 'n besonder duidelike beeld daarvan hoedat die bevolkingselemente in Suid-Afrika — en met hulle ook die taalelemente — in die loop van ons geskiedenis deurmekaar geskommel is. Juis hierdie woord is daarom besonder geskik, eerstens omdat hy in soveel verskillende vorme voorkom, en tweedens omdat hy op grond van sy frekwensie — soos reeds uiteengesit — so min aan uitwisseling blootgestel is; soos die woord in sy verskillende vorme deur die sprekers rondgedra is, so toon die kaart dit vir ons vandag nog min of meer aan. Tenspyte van die groot verskeidenheid vorme vertoon

die uiterste noorde dieselfde as die uiterste suide. In breë trekke beskou, lyk dit tog wel of ons tekens kan sien van 'n langsame proses van gelykmaking binne sekere gebiede. Die suidelike Kaap is blykbaar al 'n byna suiwer appelliepie-gebied, terwyl die oostelike Transvaal weer 'n duidelik oorheersende appelliefie-gebied is. Deur noukeurige bestudering sal daar sekerlik meer sulke taamlik homogene gebiede vas te stel wees wat daarop dui dat die toestand tog nie heeltemal vlottend meer is nie (vgl. bl. 44), dat die taalverskille besig is om aan 'n lokaliteit gevestig te raak. Die proses sal 'n mens aan hierdie woord goed kan dophou omdat die rol van die skryftaal, van die A.B. hier bepaald minimaal is.

Die *tyd* is hier dus duidelik besig om sy rol te speel. Dat hy gedurende die laaste eeu nog geen duideliker spore nagelaat het nie, kan aan verskillende faktore toegeskrywe word, faktore wat tegeelykertyd ook die historiese uitleg sal moet gee van die appelderliefdekaart. Daaraan sou 'n mens tegelyk 'n algemene bespreking oor die toestand van dialektiese verskille in Afrikaans kon vasknoop, nl. dat ons, soos gesien, so met voorbehoud moet praat oor dialekte in Afrikaans hoewel alle voorwaardes vir 'n taalkundige verbrokkeling blykbaar aanwesig is. En waar die verskille daar wel is, soos in die mooi voorbeeld *appelderliefde*, kom die verskillende vorme nie bra in 'n geslote gebied uitsluitlik voor nie; ons tref die verskillende elemente wyd verspreid aan, van die een uiterste tot in die ander uiterste van die land. Die eerste rede hiervoor moet ons daarin soek dat die verbrokkeling in die bepaalde gevalle reeds plaasgevind het voordat ons taalgebied daar uitgesien het soos nou. In hoofsaak het ons twee gebeurtenisse om mee rekening te hou: die verhuising van die Europese stamouers na die Kaap, en daarna die Groot Trek na die noorde. Hiervolgens moet ons twee tydperke in ons taalgeskiedenis duidelik onderskei en ook apart bestudeer. Eerstens moet ons dan daarmee rekening hou dat die koloniste aan die Kaap geen eenheidstaal gehad het nie; daar moet sterk uiteen-

lopende dialektiese verskille voorgekom het wat natuurlik — aan die begin tenminste — nie geografies van mekaar geskei was nie. Al dadelik moet daar 'n proses van dialekvermening plaasgevind het, en die gevolg was 'n mate van gelykmaking. Baie vorme het verdwyn in die proses, sommige het behoue gebly, soms sal daar uit die vermening nuwe vorme ontstaan het. Wat in hierdie periode alles presies gebeur het, sal ons baie graag wil weet: dit sal immers een van die interessantste hoofstukke in ons taalgeskiedenis vorm.

Tot 'n volkome gelykmaking het dit inderdaad nie gekom nie. In alle geval was die uitskakelingsproses weldeeglik aan die gang; dit het selfs heel merkwaardige vordering gemaak gedurende die eerste periode, sodat daar maar min oorgebly het van die groot dialektiese verskeidenheid wat daar aan die begin moet bestaan het. Gedurende hierdie periode het die proses hom voltrek in 'n enigszins beperkte gebied. Tog was die oppervlakte groot genoeg en die onderlinge verkeer in so 'n mate beperk dat dit heeltmaal nie onwaarskynlik is dat die uitkomstige geografiese verskille moet opgelewer het nie. Daarby moet ook rekening gehou word met gedurige nuwe invloede van buite wat hulle op die Kaap en onmiddellike omgewing laat geld het en seker nie altyd tot die verre veepposte kon deurdring nie.

Afgesien van wat die taalkaarte kan bewys, moet ons op grond van die snelle ontwikkeling wat Afrikaans deurgemaak het, die gebrek aan onderwys in Afrikaans, aan 'n skryftradisie, aanneem dat reeds voor die Groot Trek daar lokale verskille bestaan het in die Afrikaanse taalgebied van destyds. En baie van hierdie lokale verskille berus op die oorblyfsels van die dialektiese verskeidenheid wat daar aan die begin aan die Kaap moet bestaan het. Sulke gevalle ken ons nog in die verskille tussen *aartappel—ertappel*, *laag—leeg*, *vleis—vlees*, *gemeinte—gemeente*, *ook—ok*, *Desember—Deetsember*, *genoeg—genog*, *waarsku—waarskou*, *grip—watervoor*.

So is daar nog baie voorbeelde te vind van afwykinge wat nie hier ontstaan het nie, waarvan die paar vorme veeleer net die oor-

lewendes is van 'n veel groter verskeidenheid wat daar aan die begin moet bestaan het. Want in die vraaglyste van die *Dialecten-commissie der Koninklijke Akademie van Wetenschappen* in Amsterdam het ek vir die woord *laag* soos in die sin *deze zaal is mij te laag* oor die veertig verskillende vorme opgeteken vir die Nederlandse taalgebied alleen. Dit is dus meer as waarskynlik dat daar in die dae van Jan van Riebeeck aan die Kaap meer vorme bekend was as net *laag* en *leeg* wat ons vandag ken.

Dit het egter nie lank geduur nie of die ander vorme het almal plek gemaak vir die twee: *laag*, *leeg* wat naderhand geografies van mekaar geskei is. *Laag* het in gebruik gebly (of gekom) in die omgewing van Kaapstad waar die A.B. vorm van die taal deur die goewerneur en sy beamptes en wie ook al meer, sy invloed kon laat geld. Verder weg van Kaapstad af kon die vorm *leeg* homself handhaaf en selfs die algemeenste vorm bly (of word).

Soos met die woord *laag* het dit ook met ander gegaan, sodat nog voor die Groot Trek daar 'n duidelike verskil was tussen die taal van die Westelike en Oostelike deel van die Kaap. Die grens tussen hierdie twee spraakgebiede was natuurlik soos alle taalgrense, geen vaste grenslyn nie; in hierdie jong taalgemeenskap was die grens seker nog minder 'n lyn en minder vas as anders. So sal die grens van die een taalverskynsel nog veel nader aan die Kaap geval het as die van 'n ander.¹⁾ Ook nuwe invloede was vir hierdie twee afsonderlike gebiede heeltaltemal verskillend; daar was die invloed van matrose, reisigers, handelaars en veral van die slawe, wat hoofsaaklik tot die Boland beperk sal gewees het, almal omstandighede wat ook die ontstaan van nuwe elemente in die taal in die hand sou werk en plaaslik beperk sou laat bly.

Met ander woorde: die oudste deel van ons taalgebied het vanaf die vroeë tye af al geen eenheidsgemeenskap gevorm nie; daar was 'n sterker onderlinge verkeer tussen die inwoners van die onder-

¹⁾ vgl. die sketskaart op bl. 23 (hoofst. II).

skeie dele as tussen die inwoners van die taalgebied as geheel. Deur verkeershindernisse is die verskillende gemeenskappe min of meer van mekaar geskei; daar het 'n vertakking ontstaan. Die verskillende gemeenskappe was aan verskillende invloede onderhewig, en die voorwaardes vir 'n taalkundige vertakking was voorhande.

'n Noukeurige geografiese opname van die taal van hierdie primêre taalgebied en 'n intensiewe studie van die uitkomst daarvan is nodig voordat ons met die nodige insig die taal van die sekondêre gebiede geografies kan bestudeer. Want uit verskillende dele van hierdie nie-homogene taalgebied nou, vind die verhuising plaas na die Noorde, waarna ons dan 'n tweede tydperk kry in die Afrikaanse taalgeskiedenis. Soos gedurende die eerste periode, so vind daar ook nou 'n vermenging plaas; hierdie keer natuurlik op 'n veel kleiner skaal omdat die lokale verskille in die Kaapkolonie voor die Groot Trek nie op een lyn te plaas is met die toestand in Europa tydens die kolonisasie van die Kaap nie. Tog is dit belangrik genoeg om daarmee wel deeglik rekening te hou by die bestudering van die lokale verskille in Afrikaans.

Behalwe 'n kaart wat die huidige toestand weergee, sal vir ons studie nog twee ander nodig wees: 'n taalkaart vir die sewentiende eeu van die gebied waaruit die Afrikaanse stamouers afkomstig was, en een van die Kaapkolonie van kort voor die Groot Trek. Daaruit sou mens 'n duidelike beeld kan vorm van die ontwikkeling wat Afrikaans deurgemaak het tot vandag toe.

Om nou taalkaarte te rekonstueer vir 'n vroeër tydperk is nie maklik nie, dikwels selfs gladnie moontlik nie. Maar uit 'n intensiewe studie van die taalgeografie van die Kaapprovinsie moet ons nou nog genoeg kan leer om die toestand in die noordelike provinsies behoorlik te kan bestudeer en bevredigend te verklaar. Pas nadat ons 'n so volmaak moontlike beeld kan vorm van hierdie eerste periode in ons taalgeskiedenis, kan ons presies nagaan wat daarna gebeur het om die toestand te skep wat ons het in die later bevolkte

lewendes is van 'n veel groter verskeidenheid wat daar aan die begin moet bestaan het. Want in die vraaglyste van die *Dialecten-commissie der Koninklijke Akademie van Wetenschappen in Amsterdam* het ek vir die woord *laag* soos in die sin *deze zaal is mij te laag* oor die veertig verskillende vorme opgeteken vir die Nederlandse taalgebied alleen. Dit is dus meer as waarskynlik dat daar in die dae van Jan van Riebeeck aan die Kaap meer vorme bekend was as net *laag* en *leeg* wat ons vandag ken.

Dit het egter nie lank geduur nie of die ander vorme het almal plek gemaak vir die twee: *laag*, *leeg* wat naderhand geografies van mekaar geskei is. *Laag* het in gebruik gebly (of gekom) in die omgewing van Kaapstad waar die A.B. vorm van die taal deur die goewerneur en sy beampptes en wie ook al meer, sy invloed kon laat geld. Verder weg van Kaapstad af kon die vorm *leeg* homself handhaaf en selfs die algemeenste vorm bly (of word).

Soos met die woord *laag* het dit ook met ander gegaan, sodat nog voor die Groot Trek daar 'n duidelike verskil was tussen die taal van die Westelike en Oostelike deel van die Kaap. Die grens tussen hierdie twee spraakgebiede was natuurlik soos alle taalgrense, geen vaste *grenslyn* nie; in hierdie jong taalgemeenskap was die grens seker nog minder 'n *lyn* en minder vas as anders. So sal die grens van die een taalverskynsel nog veel nader aan die Kaap geval het as die van 'n ander.¹⁾ Ook nuwe invloede was vir hierdie twee afsonderlike gebiede heeltemal verskillend; daar was die invloed van matrose, reisigers, handelaars en veral van die slawe, wat hoofsaaklik tot die Boland beperk sal gewees het, almal omstandighede wat ook die ontstaan van nuwe elemente in die taal in die hand sou werk en plaaslik beperk sou laat bly.

Met ander woorde: die oudste deel van ons taalgebied het vanaf die vroeë tye af al geen eenheidsgemeenskap gevorm nie; daar was 'n sterker onderlinge verkeer tussen die inwoners van die onder-

¹⁾ vgl. die sketskaart op bl. 23 (hoofst. II).

skeie dele as tussen die inwoners van die taalgebied as geheel. Deur verkeershindernisse is die verskillende gemeenskappe min of meer van mekaar geskei; daar het 'n vertakking ontstaan. Die verskillende gemeenskappe was aan verskillende invloede onderhewig, en die voorwaardes vir 'n taalkundige vertakking was voorhande.

'n Noukeurige geografiese opname van die taal van hierdie primêre taalgebied en 'n intensiewe studie van die uitkomst daarvan is nodig voordat ons met die nodige insig die taal van die sekondêre gebiede geografies kan bestudeer. Want uit verskillende dele van hierdie nie-homogene taalgebied nou, vind die verhuising plaas na die Noorde, waarna ons dan 'n tweede tydperk kry in die Afrikaanse taalgeskiedenis. Soos gedurende die eerste periode, so vind daar ook nou 'n vermenging plaas; hierdie keer natuurlik op 'n veel kleiner skaal omdat die lokale verskille in die Kaapkolonie voor die Groot Trek nie op een lyn te plaas is met die toestand in Europa tydens die kolonisasie van die Kaap nie. Tog is dit belangrik genoeg om daarmee wel deeglik rekening te hou by die bestudering van die lokale verskille in Afrikaans.

Behalwe 'n kaart wat die huidige toestand weergee, sal vir ons studie nog twee ander nodig wees: 'n taalkaart vir die sewentiende eeu van die gebied waaruit die Afrikaanse stamouers afkomstig was, en een van die Kaapkolonie van kort voor die Groot Trek. Daaruit sou mens 'n duidelike beeld kan vorm van die ontwikkeling wat Afrikaans deurgemaak het tot vandag toe.

Om nou taalkaarte te rekonstrueer vir 'n vroeër tydperk is nie maklik nie, dikwels selfs gladnie moontlik nie. Maar uit 'n intensiewe studie van die taalgeografie van die Kaapprovinsie moet ons nou nog genoeg kan leer om die toestand in die noordelike provinsies behoorlik te kan bestudeer en bevredigend te verklaar. Pas nadat ons 'n so volmaak moontlike beeld kan vorm van hierdie eerste periode in ons taalgeskiedenis, kan ons presies nagaan wat daarna gebeur het om die toestand te skep wat ons het in die later bevolkte

dele. Ons weet waar die Trekkers min of meer vandaan gekom het; met 'n kennis van die taal van daardie dele kan ons dus ook weet hoe die taal van die ander provinsies aan die begin daar uitgesien het. Vergelyk ons dit met die toestand van vandag, sal die invloede wat intussen aan die werk was, duidelik aan die lig moet kom. In verband hiermee kan ons ook met voordeel die taal bestudeer van groepe soos die Angola-Boere en miskien ook van die Buys-stam. Die belang van so'n vergelyking blyk daaruit dat 'n mens uit die taalkaarte die indruk kry dat die taal van die noordelike provinsies vandag heelwat verskille toon met die taal van die gebiede waaruit hulle getrek het, hoewel dit sonder twyfel daarop gebaseer is.

Hier het ons dus duidelik twee tydperke in ons taalgeskiedenis en twee gebiede in ons spraakgebied wat ons nie met mekaar moet verwar nie, wat ons nie sonder 'n duidelike onderskeiding tegelyk moet behandel nie. Die noordelike provinsies verteenwoordig 'n tweede stadium, hoewel die taal van die Kaapkolonie natuurlik ook in sy ontwikkeling voortgaan; hy het alleen nie so'n (tweede) „krisisperiode” deurgemaak nie, kon sodoende rustiger, gelykmatiger en dus normaler voortontwikkel. Daar is die toestand dus ook veel gevestigder, minder vlottend, sal die geografiese ondersoek daar meer vrugte kan oplewer as in die Noorde, waar die vlottende toestand nie net te wyte is aan die jeugdigheid van die taalgebied nie—daar sou in die honderd jaar anders al tyd genoeg gewees het vir duideliker taalgebiede om te ontwikkel. Maar in die tyd was daar allerhande woelinge wat die bevolking deurmekaar geskommel en die mense uit verskillende dele van die land met mekaar in aanraking gebring het. Dink maar aan die ontginning van die Transvaalse minerale rykdom, wat die mense laat toestroom het na die rand en na verskillende delwerye. En dan die verskillende oorloë, veral die van 1899, toe die mans jare lank saam in die kommando's rondgetrek of in kampe gevange gesit het. So was ook die vrouens en kinders in kampe saamgebondel. Dat hierdie gebeurtenisse die

verbrokkeling op taalgebied sterk moet teëgewerk het, lê voor die hand, temeer daar nog ander omstandighede daartoe bygedra het.

Eerstens is daar die veeboerdery, wat in ons land 'n vername plek inneem: die gereelde trek met die vee na die wintersveld is net een voorbeeld wat die beweeglikheid van die veeboer aantoon. Daar is wel plekke in ons land waar armoede die mense vir geslagte op die een plaas laat saamdrom het, maar dis nie die reël nie. Agteruitgang het die mense dikwels hulle plase laat verloor, en die gevolg was: trek, trek van die een plaas na die ander. En op die ou plaas kom gewoonlik iemand woon uit 'n ander deel van die land, en so het daar dikwels tussen die mense in die noorde boere uit die Boland ingetrek, mense wat dikwels om die een of ander rede, groot invloed op hulle omgewing gehad het, ook ten opsigte van die taal. Die duidelike spore hiervan is daar op elke taalkaart te sien. So bv. die *nôï/nooi*-kaart. Op hierdie kaart sien ons die westelike en oostelike dele van die Kaapprovinsie baie duidelik van mekaar geskei. Hoewel die taal van die noordelike provinsies — wat betref hierdie woord — duidelik genoeg gebaseer is op dié van die oostelike Kaapprovinsie, vorm laasgenoemde tog 'n veel suiwerder, homogener taalgebied as die noorde. Ons kan dit nie anders verklaar nie as dat die oostelike Kaap 'n eeu gelede 'n minder homogene *nooi-gebied* was as vandag, of — wat waarskynliker lyk — dat die verhuising later uit die Westelike Provinsie na die noorde was en nie na die Oostelike Provinsie nie. Laasgenoemde moontlikheid lyk waarskynliker, omdat *nooi* ook hier en daar op verskillende plekke in die westelike en noord-westelike deel van die Kaapprovinsie voorkom. Dit wys daarop dat die *nooi-gebied* vroeër groter moet gewees het en die grens 'n eeu gelede dus nog verder na die weste toe gelê het. Indien hierdie gevolgtrekking juis is, sal daar onder die Voortrekkers waarskynlik geen aansienlike getal *nôï*--sprekers gewees het nie. Die feit dat *nôï* vandag in die noordelike provinsies tog meer voorkom as in die oostelike Kaap, moet dus verklaar word uit die verhuising van aansienlike getalle Bolanders na die noorde.

Ook verskillende ander kaarte dra tot die versterking van hierdie argument by, maar daaroor later. Op die oomblik moet die kaarte net dien om ons te laat sien watter faktore verantwoordelik is vir die toestand soos ons dit op die oomblik aantref.

'n Mens sou miskien dink dat die onderlinge verkeer en die kontak tussen mense groter is namate die land dig bevolk is en die verkeersgeriewe goed ontwikkel; dat dit by ons dus minimaal moet wees met die dunne bevolking en, veral in die verlede, slegte paaie en oor die algemeen baie beperkte verkeersgeriewe.¹⁾ In werklikheid is dit by ons nie so nie. Veral vroeër het die mense baie gekuier, tot vir drie maande.²⁾

In Duitsland word, na die familiekring, die kleinste taalgemeenskap en taaleenheid gevorm deur die dorp. By ons, soos volgens Hans Kuhn ook in Ysland, is die taalkringe en die ooreenstemmende verkeersgebiede nie so selfstandig en na binne en buite geslote nie, en die grense daarvan veel minder skerp as in die geval van 'n Duitse boeredorp. Wat is by ons die eerste, enigszins begrensbaare verkeersgebied — wat volg op die familiekring? Daar is die kerklike verband waar mense binne dieselfde gemeente 'n mate van omgang het; daar is verskillende faktore wat die verkeer hiermee gedeeltelik kan laat saamval soos die produkte- en veemark, die gebied wat deur dieselfde winkels, regeringskantore ens. bedien word. En dit sal in baie gevalle 'n hele distrik uitmaak wat in oppervlakte veral, maar ook in inwonertal gladnie te vergelyk is met 'n Duitse boeredorp nie. So 'n gebied sal dan uiteraard ook veel minder geslote wees; die uiteindes van aangrensende gebiede sal met mekaar meer omgang hê as met sommige ander dele van hulle eie gebied (sê maar distrik).

So gesien, is dit duidelik dat ons taalgebied vir die verbroekeling van die taal nie sulke gunstige omstandighede bied as wat mens,

¹⁾ vgl. Hans Kuhn: *Die Sprachliche Einheit Islands*, in *Zschrift für Mdaaforschung*, II, 1935 bl. 21.

²⁾ vgl. Preller: *Voortrekker-mense en Moedersmart*.

oppervlakkig beskou, sou dink nie. Neem daarby die skommeling van die verlede, en dis heeltemal duidelik waarom ons na so 'n aansienlike tydperk nog so ons woorde moet weeg as ons dit het oor dialekte in Afrikaans. Aan ontwikkeling het dit in die taal nie ontbreek nie, maar die afsonderlike gebiede het nog weinig kans gehad om elkeen sy eie weg te gaan. 'n Nuwigheid in die taal het nie maklik plaaslik beperk gebly nie. Al het dit nie juis orals bekend geword nie, dan het hy gewoonlik tog gou posgevat in verskillende plekke wat ver uitmekaar verspreid lê.

Ons land lewer so verskillende gebiede op waarvan elkeen vir die taalstudie, sy besondere eise stel. Al is die toestand onvas soos in sommige dele van die land, dan nog het die taalgeografiese metode sy waarde, en veral daarin dat sy noukeurige waarneminge veel meer stof vir die taalstudie oplewer as die ou bronne met hulle beperkte taalmateriaal.¹⁾

¹⁾ vgl. G. G. Kloeke in Handleiding, bl. 15.